| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **374/04**
Datum gelewer: / Date delivered: **08/10/04**(RESES)

In die saak van:

**DIE STAAT**

en

**JONAS, FRANS**
**YSTER, LUCAS**

*Coram: Lacock R*

## UITSPRAAK OP HERSIENING

**LACOCK R:**

1] Beide beskuldigdes is in die Distrikshof, Hartswater, skuldig bevind aan diefstal en aanranding deurdat hulle na bewering op 18 Januarie 2004 ongeveer agt waatlemoene, die eiendom van die klaer, mnr. Greyling sou gesteel het en dat hulle mnr. Greyling aangerand het deur hom te dreig dat hulle hom

sal doodmaak en so die vrees geskep het dat geweld hom onmiddellik toegevoeg sou word. Daarbenewens is beskuldigde 2 ook skuldig bevind aan aanranding deurdat hy op dieselfde plek en tyd die eggenote van die klaer, mev. Greyling, sou gedreig het deur te sÍ dat hy haar en die kinders asook haar man (die klaer) sou doodmaak en so die vrees geskep het dat geweld haar en haar kinders onmiddellik toegevoeg sou word.

Op die diefstal klag is beide beskuldigdes gevonnis tot betaling van ‘n boete van R1 200.00 of 4 (vier) maande gevangenisstraf en wat in die geheel voorwaardelik opgeskort is vir ‘n periode van 5 (vyf) jaar.

Op die aanranding aanklag is beskuldigde 1 gevonnis tot 12 (twaalf) maande gevangenisstraf waarvan 6 (ses) maande voorwaardelik vir ‘n periode van 5 (vyf) jaar opgeskort is.

Beskuldigde 2 is op die twee aanklagtes van aanranding (en wat saamgeneem is vir doeleindes van vonnis) gevonnis tot 3 (drie) jaar gevangenisstraf.

2] Nadat hierdie aangeleentheid aan **Tlaletsi R** vir hersiening voorgelÍ is, het hy ‘n navraag aan die Landdros gerig ten aansien van, eerstens, die vraag of die tweede beskuldigde nie in sy verhoor benadeel is deurdat dit blyk dat die Landdros voor die verhoor ook ‘n borgaansoek van hierdie beskuldigde aangehoor het en daar tydens die borgaansoek aan hom die vorige veroordelings van die beskuldigde geopenbaar is nie;

en, tweedens, of die vonnisse die beskuldigdes opgelÍ nie skokkend onvanpas was nie.

[21] Die Landdros het behoorlik op die navraag geantwoord en aangedui dat, aangesien sy die enigste Landdros te Hartswater was, dit prakties onmoontlik sou wees om haarself te distansieer van die aanhoor van verhore en aangeleenthede waar sy ook die borgaansoek van beskuldigdes aangehoor het. Voorts het sy aangedui dat sy nie van daardie kennis gebruik gemaak het tydens die verhoor nie, en dat die beskuldigde nie benadeel is deur die kennis wat sy opgedoen het tydens die borgaansoek nie.

Wat vonnis aanbetref het sy nie enige noemenswaardige kommentaar gelewer nie, behalwe om aan te dui dat sy nie die beserings wat beskuldigde 1 tydens sy aanhouding deur die klaer opgedoen het, in ag geneem het nie.

3] Die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die skuldigbevindings van die beskuldigdes kan kortliks as volg opgesom word:

[31] Op die tersaaklike dag van die voorval het die klaer

vergesel van sy vrou en twee jong kinders met sy voertuig na beeste gesoek op die persele waar hy boer. Op ‘n stadium het hy agter ‘n grondwal stilgehou, uit sy voertuig geklim en teen die wal uitgeklim ten einde te kyk of die beeste nie agter die wal was nie. Terwyl hy op die wal gestaan het, het hy die twee beskuldigdes onder ‘n boom gesien waar hulle besig was om ‘n waatlemoen te eet. Hy het nader gegaan, en toe die beskuldigdes hom gewaar, het hulle opgespring en weggehardloop. Hy het daarin geslaag om beskuldigde 1 te vang, en het beskuldigde 2 daarop omgedraai en gedreig om hom te dood indien hy nie beskuldigde 1 sou los nie.

[32] Terwyl die klaer met beskuldigde 1 geroei het om hom onder beheer te hou, het hy op sy vrou geskree wat op haar beurt ook uit die voertuig geklim het en tot bo op die grondwal gestap het. Die klaer het haar gelas om met die voertuig te ry en die polisie te ontbied.

[33] Toe beskuldigde 2 die eggenote van die klaer sien, het hy na haar gehardloop en gedreig om haar te dood, en ook gedreig om haar man te dood indien sy sou ry. Die klaer se vrou het na haar voertuig teruggehardloop, agter die stuurwiel ingespring en die ruite opgedraai.

Terwyl sy hiermee besig was, het beskuldigde 2 gepoog om die voertuig se deure oop te kry en deurentyd gedreig om haar, haar kinders en haar eggenoot te dood.

[34] Die klaer se vrou het getwyfel of sy moes wegry en haar man daar agterlaat en of sy liewer moes bly uit vrees dat die beskuldigdes haar man sou dood. Uiteindelik het sy besluit om hulp te ontbied, en het sy met die voertuig weggery. Terwyl sy weggetrek het met die voertuig het beskuldigde 2 steeds aan die deur gehang in 'n poging om die voertuig oop te kry.

[35] Nadat die klaer se vrou weggery het, het beskuldigde 2 'n houtpaal uit 'n heining geruk en gepoog om die klaer daarmee te slaan. Die klaer het egter beskuldigde 1 as 'n skild gebruik en het die hou wat die tweede beskuldigde na hom geslaan het, hom slegs skrams getref en die eerste beskuldigde ook skrams getref. Hierop het die klaer beskuldigde 1 op die tweede beskuldigde gegooi, het die paal uit die hande van beskuldigde 2 gespat, en het die klaer die paal gegryp. Hy beskuldigde 1 twee houe daarmee teen sy kop geslaan. Die eerste hou het hom op sy voorkop getref en die tweede teen sy oor. Beide houe het oop wonde veroorsaak.

[36] Hierna het die klaer weereens beskuldigde 1 onder beheer gekry en het beskuldigde 2 weggehardloop.

[37] Kort hierna het hulp en ook die polisie daar opgedaag, en het die klaer beskuldigde 1 aan die polisie oorhandig. Op navraag van die polisie het beskuldigde 1 die naam van beskuldigde 2 aan hulle verskaf, en is beskuldigde 2 kort daarna arresteer.

4] Ek is tevrede dat die skuldigbevindings van die beskuldigdes ooreenkomstig die reg geskied het.

[41] Hoewel die openbaarmaking van vorige veroordelings van ‘n beskuldigde aan ‘n voorsittende beampte voor skuldigbevinding ‘n onreëlmatigheid is, is die uiteindelike vraag wat beantwoord moet word alvorens ‘n skuldigbevinding op grond van sodanige onreëlmatigheid ter syde gestel sal word, of die beskuldigde deur sodanige openbaarmaking benadeel is. Sien **S v Maputle 2002 (1) SASV 550 (W) te 553 b tot 554g**.

[42] Dit blyk hoegenaamd nie uit die wyse waarop die saak voor die Landdros gevoer is of haar uitspraak dat sy enigsins bevooroordeeld teenoor die tweede

beskuldigde was of dat hy in enige ander opsig in die voer van sy saak benadeel is nie. Na my mening blyk dit duidelik uit die uitspraak op skuldigbevinding dat die Landdros geensins beÔnvloed was deur haar vorige kennis van die beskuldigde se vorige veroordelings nie, en het sy die getuienis objektief benader en oorweeg.

5] Uit hoofde van die voorgaande behoort die skuldigbevindings dus bekragtig te word.

6] Wat vonnis aanbetref, is ek egter van mening dat die vonnisse die beskuldigdes opgelÍ op die aanranding klagtes, buitensporig swaar en onvanpas is.

[61] Wat die eerste beskuldigde aanbetref, het die geblyk dat hy 'n algehele eerste oortreder was. Hy was 'n man wat reeds vir sewe jaar 'n vaste betrekking beklee het.

Sy aandeel in die aanranding het bloot daaruit bestaan dat, soos en wanneer beskuldigde 2 die klaer gedreig het om hom te dood, hy as't ware agter die tweede beskuldigde aangepraat het. Ten spyte daarvan dat die klaer hom beetgehad het, en met hom gestoei het om hom onder beheer te hou, het hierdie beskuldigde geensins gepoog om die klaer fisies aan te rand nie, en het hy hom ook nie aangerand nie.

Dit kom my verder voor dat die beskuldigde se dreigemente teenoor die klaer bloot daarop gerig was dat die klaer hom moes los. Hy wou ooglopend wegvlug aangesien hy besef het dat hy en sy mede-beskuldigde op heterdaad betrap is waar hulle 'n aantal waatlemoene van die klaer gesteel het. Soos hierbo vermeld, het die klaer ook hierdie beskuldigde twee houe met 'n houtpaal teen sy kop toegedien. Dit op sigself moes pynlik gewees het. Hoewel hierdie aanranding op die beskuldigde uitgevoer is ten einde hom aan te hou tot sy arrestasie en nie gesien kan word as straftoemeting nie, meen ek tog dat gewig hieraan geheg moes gewees het in die oorweging van die vonnis hom uiteindelik opgelÍ. Minstens het hy reeds tot 'n mate 'n harde les geleer vir sy wandade.

[62] Uit hoofde van die voorgaande is ek van mening dat direkte gevangenisstraf onvanpas in die omstandighede en met in agneming van die voorgaande was. Na my mening moes die vonnis die beskuldigde opgelÍ, in die geheel opgeskort gewees het.

7] Ook wat beskuldigde 2 aanbetref, is ek van mening dat sy vonnis van 3 (drie) jaar gevangenisstraf in die omstandighede te swaar was.

[71] Dit is so dat die beskuldigde reeds vorige veroordelings van aanranding en strafbare manslag op sy kerfstok gehad het, en dat hy hierdie misdade gepleeg het terwyl hy op parool uit was. Hierdie is uiteraard verswarende omstandighede en is dit tereg as sulks deur die Landdros in ag geneem.

[72] Daarteenoor meen ek dat die Landdros onvoldoende gewig geheg het aan die omstandighede waaronder hierdie aanrandings plaasgevind het. Net soos beskuldigde 1, het ook hierdie beskuldigde hierdie dreigemente geuiter in 'n ooglopende poging om die klaer te beweeg om beskuldigde 1 te los sodat hulle kon ontvlug. Behalwe vir die poging van hierdie beskuldigde om die klaer met die houtpaal te slaan is geen fisiese aanranding op of die klaer of sy eggenote uitgevoer nie, en is geeneen van hulle beseer nie.

[73] Die Landdros was ooglopend ook korrek om die traumatiese gevolge wat hierdie gebeure vir hierdie gesin ingehou het, vir doeleindes van vonnis in ag te neem.

[74] Uit hoofde van die voorgaande en meer bepaald die omstandighede waaronder hierdie aanrandings plaasgevind het, sou ek nie hierdie beskuldigde vir meer as 18 (agtien) maande na die gevangenis gestuur het nie. Hierdie vonnis verskil dermate van die vonnis deur die Landdros opgelÍ dat dit inmenging deur hierdie Hof regverdig.

8] Bygevolg word die volgende bevele hierin verleen:

**(I) Die skuldigbevindings van die beskuldigdes word bekragtig.**

**(II) Die vonnis die beskuldigdes opgelê op aanklag 1 (diefstal) word bekragtig.**

**(III) Die vonnisse die beskuldigdes opgelê op die aanranding klagtes word ter syde gestel en vervang met die volgende:**

***"(a)Op aanklag 2 word beskuldigde 2 gevonnis tot 12 (twaalf) maande gevangenisstraf. Hierdie vonnis word in die geheel opgeskort vir ‘n periode van 5 (vyf) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan aanranding of enige misdryf waarvan aanranding ‘n element is en ten opsigte waarvan hy tot gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete gevonnis word, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting, nie.***

***b) Aanklagtes 2 en 3 waaraan beskuldigde 2 skuldig bevind is, word saamgeneem vir doeleindes van vonnis. Beskuldigde 2 word op hierdie aanklagtes gevonnis tot***

***18 (agtien) maande gevangenisstraf."***

**(IV) Die vonnisse word terugdateer na 14 Junie 2004.**

HJ Lacock
**REGTER**